MEI-JUNIE 2021

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord"* (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

## KLEUTERSKOOLVRIENDSKAP

Sanae is in Augustus 1961 in die stad Osaka gebore. Haar ouers het Sjinto en Boeddhisme aangehang, maar hulle was nie juis toegewyd nie.

"Ek is op vierjarige ouderdom na die kleuterskool," het Sanae vertel. "Dit was by hierdie kleuterskool wat ek 'n buitelandse klein seuntjie opgemerk het. Sy naam was Dawid. Ons het later vriende begin word, aangesien ons in dieselfde bus na die kleuterskool gery het. My eerste kontak met Christenskap was toe ek Dawid naby die bushalte ontmoet het en sy ouers, Neil en Peggy, saam met hom vir ons gebid het voordat ons na die kleuterskool gery het.

Dawid en sy ouers het my en sommige van my vriende genooi na byeenkomste van Japansending waar hulle vir ons Christelike films gewys het en ook van die Bybel vertel het. Dawid het partykeer by my kom speel. Daar het altyd 'n werker van Japansending saam met hom gekom. Hierdie werkers het vriende geword van my moeder en haar vertel van Jesus. sy besluit het om 'n Christen te word en begin het om kerkdienste by te woon. Dit was ook in die tyd wat ek Sondagskool begin bywoon het.

My vader was 'n streng skoolonderwyser wat meestel weg was van die huis, omdat hy 'n werkesel was. Toe hy gehoor het dat my ma 'n Christen geword het, was hy baie ontstig. As kind is hy vertel dat die Christelike godsdiens 'n bose godsdiens was wat probeer het om eeue gelede Japan in te neem én dit was nie 'n waardige godsdiens wat geskik is vir goed ingeligte en kulturele Japannese mense nie. Ons kon nie voor hom vrylik voor etes bid nie sonder 'n frons of streng opmerking nie. Enige gesprek oor Christenskap terwyl hy by die huis was, is nie toegelaat nie.

Toe ek 11 jaar oud was, het ek bang geword toe my moeder my vertel het dat as ek nie my sondes bely nie ek hel toe sou gaan. Ek het maar traag ingestem. Maar deur hierdie ervaring het ek begin besef dat 'n Skepper God bestaan, maar ek het nog steeds nie my Bybel begin lees nie en het ook nie 'n verhouding met die Here daardie tyd begin nie.

Dit was eers toe ek 20 jaar oud geword het en 'n universiteitstudent was wat ek meer ernstig begin raak het oor my geloof in die Here. Ek het leeg gevoel en begin soek na 'n doel vir my lewe. Ek was ook bekommerd oor die toekoms en het gevoel daar moet iets meer wees in die lewe; derhalwe het ek begin bid en die Bybel begin lees.



*Sanae & Megumu Shiraki met Dawid*

Ek het by 'n Bybelstudiegroep aangesluit en gevind dat my liefde en toewyding aan die Here gegroei het, veral toe ek besef het hoe groot sy liefde vir my is. Dit het gebeur toe ons Psalm 23 bestudeer en gememoriseer het. ***U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae*** (Psalm 23:6). Ek het my sondes bely en 'n wonderlike vrede het oor my gekom toe ek tot die besef gekom het dat Hy 'n wonderlike plan het vir my toekoms.

Ek en my moeder het vir baie jare gebid vir die redding van my vader. Mettertyd het my broer, my ouma, oupa, my oumagrootjie en my moeder se suster almal Christene geword, maar my vader het hardnekkig vasgeklou aan sy tradisionele gewoontes.

Terwyl ek op universiteit was, het ek opleiding ontvang in kleuteronderwys. So het ek vir 10 jaar as 'n voorskoolse onderwyser in 'n Christelike skool gewerk wat aan my kerk behoort en deur hulle bestuur is. Dit was in hierdie tyd wat die Here my gelei het om met Meguma te trou. Hy was 'n gelowige en het gewerk as prokureur.

Ek het twee keer na ons getroud is, geworstel met kanker en moes my werk laat staan. Ek prys die Here omdat ek nou reeds 15 jaar in remissie is met geen verdere tekens van kanker nie.

Dit was in hierdie tyd dat die Here vir my gewys het dat die tyd min is en 'n las op my hart gelê het om die gemeenskap te dien op 'n manier wat meer impak sou hê.

Die Here het toe 'n deur vir my geopen om te werk as 'n berader vir die stad. Hulle het verskeie kinders met verskillende gebreke na my verwys. Die Here het vir my die volgende Bybelvers gegee, terwyl ek die geweldige lewenstryd van hierdie kinders aanskou het. ***Praat jy vir dié wat self nie hulle sê mag sê nie, kom op vir die reg van dié wat te gronde gaan; praat, en lewer regverdige uitsprake, laat reg geskied aan die armes en die ellendiges*** (Spreuke 31:8-9). Die Here het sedertdien my voorsien van baie geleenthede om berading te doen vir hele families, saam met wie ek kon bid en Bybelse berading kon gee.

Dit was gedurende 2020 toe die pandemie in volle swang was wat my 88-jarige vader se werk skielik tot 'n einde gekom het. Hy het desperaat gesoek na iets om homself mee besig te hou gedurende hierdie noodtoestand. Hy het 'n ondraaglike leemte in sy binneste gevoel, aangesien sy sosiale lewe tot 'n skielike einde gekom het. Hy het skielik soveel tyd gehad om te dink dat hy verplig was om sy innerlike gedagtes in die gesig te staar.

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**Posbus 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 1/3/2021, 3/3, 20/3, 19/3 Bybels vir Sjina, 29/3, 31/3, 3/4, 6/4, 6/4, 20/4 Bybels vir Sjina, 30/4, 3/4, 3/5, 4/5, 6/5, 29/5.**

**ABSA BANK:- 1/3, 1/3 Bybels, 2/3 NLM, 2/3, 15/3 Bybels, 17/3, 29/3 Bybels, 30/3, 1/4, 2/4 NLM, 17/4, 1/5, 2/5 NLM, 6/5, 26/5, 28/5 Bybels.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**


**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***



***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***


My pa het toe begin om meer tyd saam met my deur te bring en het begin om te help by my kerk, net om vir homself iets te kry om die tyd om te kry. Hy het gou begin vriende maak met die kerk se lidmate en is so ingelyf tot 'n spllinternuwe Christelike manier van lewe. As resultaat hiervan het hy sy hart in Augustus 2020 vir die Here gegee!

Covid-19 was 'n verskriklike ramp vir baie mense, maar vir my vader – dit was presies wat hy nodig gehad het om sy lewe te herevalueer en die Here te vind!"

Partykeer benodig dit baie gebede en geduld oor baie dekades. Ons prys die Here vir die manier waarop Hy harte verander volgens sy perfekte tyd!

## GEBEDSVERSOEKE

**Bid** asseblief vir Sanae se gesondheid en dat haar kanker in remissie sal bly. **Bid** ook vir wysheid en insig terwyl Sanae Shiraki voortgaan om te werk vir die stad as 'n berader met spesialisering in berading vir kinders met gebreke. Sy het dikwels geleenthede om hulle te bemoedig asook hulle families deur gebed en 'n Bybelgedeelte, terwyl hulle hul baie moeilike omstandighede in die gesig moet staar. Sanae het 'n unieke weg gevind om haar lig te laat skyn vir die Here in haar gemeenskap, terwyl sy hoop bring vir die hulpbehoewendes.

**Bid** asseblief vir Sanae se man, Megumu Shiraki, wat werk as prokureur. Hy het Japansending gehelp en baie ander Christelike oprganisasies om hulle wetlike sake in orde te kry omdat dit betrekking het op regerings-toestemming, grondregistrasie en ander wetlike sake. Dit is 'n ware antwoord op gebed om 'n betroubare Christen te hê wat ons bekwaam lei en bystaan in hierdie komplekse sake.

## VRIENDSKAPSEVANGELISASIE

Wanneer ons so terugdink aan die bekering van Sanae se familie en haar 88-jarige pa kan ons nie help om te onthou dat die konneksie met haar familie begin het in 1965, toe die 4 jaar oue Sanae kennisgemaak het met Dawid in die kleuterskool. Die Here het hierdie verbintenis gebruik om Japansendingwerkers met haar familie vriende te laat maak en baie van haar uitgebreide familie het tot bekering gekom as gevolg daarvan!

Alex en Eri Verwey het drie kinders. Nao (3) het pas kleuterskool toe gegaan, en Joey (6) en Will (8) is nou in die laerskool. Die Here het dit moontlik gemaak dat verskeie verhoudings met kinders en ouers oor die jare ontwikkel het as gevolg van die vriende wat hierdie drie kinders in die skool gemaak het.

Die (KAYA) Kinderklubevangelisasie is in 2016 begin as resultaat van baie van hierdie vriend-skappe. Ons prys die Here vir party van hierdie families wat sedertdien die kerk begin bywoon het en die Here gevind het.

**Bid** asseblief dat die Here sal voortgaan om te werk in die harte van hierdie familielede, sodat hulle en hulle uitgebreide families tot ware kennis van die Redder sal kom.

## CORONAVIRUSOPDATERING

Soos wat die gevalle in Japan fluktueer, is die land van tyd tot tyd in 'n noodtoestand gedwing. Desnieteenstaande het die skole oop gebly, en baie van die Engelse klasse het voortgegaan, alhoewel sommige gekies het om via stroomverbinding deel te neem. Soos aktiwiteite begin hervat het, het mense 'normaal' begin aangaan en is dit makliker om sosiale interaksie met studente, vriende en bure te hê.

Japansending het soms 'n Engelse kamp oornag gehou as deel van hulle uitreik. Terwyl ons gebid het daaroor, het die Here ons gelei om liewer twee aparte geleenthede te hou met minder mense en die oornagkamp te laat staan. Derhalwe is ons in die proses om twee aparte geleenthede te reël wat buitenshuis gehou sal word met twee aparte groepe studente en vriende wat op **19 en 20 September** sal plaasvind.

**Bid** asseblief dat baie saad gesaai sal word in die harte van die ongereddes en dat nie COVID-19 of tifone ons sal verhinder om hierdie geleenthede te hou nie.